Vanaf NG Fochville Noord

PEPUDA WETGEWING VERANDERING – Ernstige bedreiging vir Godsdiensvryheid

Liewe gemeente,

Daar heers groot kommer oor die voorgestelde veranderinge aan die gelykheidswetsontwerp genaamd Pepuda:
Dit gee alle persone ‘n gelyke reg om, sonder diskriminasie op grond van ras, godsdiens, seksuele orientasie, ens., ‘n lid van enige kerk of godsdienstige organisasie te word, en daar as ‘n leier of werknemer te dien, al verskil daardie persoon se geloofsoortuigings radikaal van die betrokke kerk/organisasie.

- Die wysiging gaan dit amper onmoontlik maak vir iemand wat van haatspraak aangekla word, om homself wetlik te verdedig.
- Daarmee sal ‘n kerk sy outonomiteit verloor, en sy reg om sy eie leer te bepaal en sy interne sake op eie diskresie te hanteer, sonder dat die Staat inmeng in sy godsdiensbeoefening.
- Die Minister kry die mag om regulasies uit te vaardig en af te dwing oor hoe sg. diskriminasie aangespreek moet word en gelykheid gepromoveer moet word binne die organisasie.
- Regsaanspreeklikheid gaan drasties vergroot en kerke en werkgewers gaan aanspreeklik gehou word selfs vir die (onintensionele) gedrag van hul werknemers/lidmate asook mense wat indirek die diskriminasie veroorsaak het.
- Bv, as ‘n persoon aanstoot neem wanneer ‘n leraar sê dat Jesus die enigste Weg, Waarheid en Lewe is, kan hy of sy die betrokke leraar en kerk gaan aankla van diskriminasie teen sy eie nie-Christelike geloofsoortuiging.

Advokaat Nadine Badenhorst van FORSA (Freedom of Religion SA) meen dat indien die wysiging op die wetgewing toegestaan word, dit ‘n doodskoot sal wees vir godsdiensvryheid in ons land ... (Kyk op FORSA se webtuiste)

Daarom is dit van kardinale belang dat ons as Christene reageer op die voorgestelde wysiging, anders kan ons verwag dat ‘n vloed van regsake sal volg teen ons (en mense van ander geloofsoortuigings) bloot omdat ons ons geloof uitlewe.
Vir impak word elke gemeente en lidmate individueel versoek om ‘n E-pos te stuur aan fbhayat@justice.gov.za voor 30 Junie 2021. U kan ook die volgende skakel https://dearsouthafrica.co.za/equality/ gebruik en dan die keuse uitoefen om jou eie boodskap hieroor deur te gee.

Vriendelike groete
Die Leraars
Fochville Noord